"EK HET KANKER..."

Kanker en onsekerheid



Jou lyf het jou in die steek gelaat

Dit is so vreemd – dit voel of jou liggaam jou in die steek gelaat het. Jy voel onrustig en ongemaklik, moeg en swak. Jy Google jou simptome – wat jou net meer paranoïes maak. Jy besoek uiteindelik die dokter, wat sê: "Kom ons doen toetse, net om veilig te wees."

Om vir toetse te gaan en oor jou liggaamlike ongemak te praat is nie lekker nie. Jy wil nie glo dat dit kanker is nie – kanker is nog altyd met die dood geassosieer en jy is nie gereed om te sterf nie.

Maar dan kom die diagnose: jy het 'n siekte wat veroorsaak word deur 'n onbeheerde verdeling van abnormale selle in 'n deel van die liggaam. Kortom: jy het kanker.

Die Klub

Welkom by die Kanker-klub; of dalk moet ons eerder praat van die 'Onsekerheidsklub'. Die wagtydperk vanaf 'n biopsie tot 'n diagnose is 'n absolute riller. Jy sal verbaas wees hoeveel mense biopsies ontvang en wag vir 'n moontlike diagnose.

In hierdie wagtydperk: haal asem. Bid en vra dat die Here jou innerlik sal versterk, en die regte dokters en behandeling sal voorsien. Vra die Here om jou en jou geliefdes rustigheid te gee oor die pad wat voorlê.

Sommige mense kies om nie met geliefdes te deel dat hulle 'n biopsie laat doen het nie. Net so is dit ook jou voorreg om te kies hoe jy hierdie reis wil aanpak, met wie jy dit wil deel, wat jy wil deel, en wanneer jy gemaklik is om dit te doen.

In hierdie 'Onsekerheidsklub' is daar min reëls en elkeen se reëls geld vir hom- of haarself. Jy en jou geliefdes kan dit saam skryf, ontwikkel en aanpas soos jou reis benodig.

'n Nuwe spoed: Onsekerheid

Die een met die diagnose bepaal gewoonlik die spoed en ritme van die reis. Jou geliefdes kyk dalk anders na jou; nie noodwendig uit bejammering nie, maar om te sien hoe hulle by jou kan inval. Indien dit nie die geval is nie, vra en kommunikeer wat jy nodig het:

- Teen watter tempo jy kan beweeg wanneer jy groot besluite moet neem;
- Watter spasies en gesprekke sal jou help om rustigheid op jou pad te ontdek;
- Leer hoe om met jou mense te kommunikeer en ook na hulle te luister – hulle is ook bang en onseker;

- Oorweeg dit om met 'n terapeut te praat – soms is dit goed om 'n veilige, neutrale ruimte te kan hê waar jy jou ervaring vrymoedig en ongefilterd kan deel.
- Onsekerheid is jou nuwe beste vriend op hierdie reis. Sy gaan lank saam met jou wees. Leer ritmes en gebruike aan wat jou kan help om rustig te bly te midde van die onsekerheid.
- Totdat jou dokter 'n diagnose bied, 'n behandeling voorstel of nuwe uitslae ontvang is, is dit onseker. Leer gebruike aan om jou eie hart en gedagtes te beserm. Ons is nog nie '*daar*' tot dat die dokter sê ons is daar nie. Woorde soos 'tans', 'op hierdie oomblik' en 'vir nou' kan jou en jou geliefdes help om in onsekerheid moontlikhede vas te hou.

Die mense sê...

Jy gaan mense op hierdie pad ontmoet wat met baie sekerheid uit hul eie ervaring praat. Hulle bied goedbedoelde raad, wat meer verwarring kan veroorsaak of jou erger laat voel. Sommige kanker pasiënte sê 'ja' en 'dankie' vir als, maar ignoreer die raad. Ander is so gretig om iets te vind om aan vas te hou, dat hul blindelings mense se raad volg. Dit is die uiterstes in die soeke na sekerheid.

Dit is belangrik om te onthou: elke persoon se reis is uniek.

Kanker kom met twyfel en onsekerheid. Jy is vir *nou* gediagnoseer en jy ondergaan *tans* behandeling; dit kan beter of slegter gaan. Mense se liggame reageer verskillend op behandeling en oorlewingsyfers verskil, ten spyte daarvan dat hulle dieselfde dokters sien, dieselfde behandeling ontvang en dieselfde Here dien.

God?

Kanker konfronteer ons verstaan van die evangelie wat dikwels die klem op sekerheid plaas. In tye van diagnose, moeilike

behandeling of moontlike dood maak dit sin om te soek na dinge om vas te hou en jou te grond; ons wil God verstaan en ons wil die lyding verstaan.

Om met kanker gediagnoseer te word is traumaties – jy word gekonfronteer met onsekerheid oor môre, volgende week, volgende jaar … Jy is onseker oor hoe jou toekoms kan lyk en hoe om daarheen te beweeg. Dit voel ook soms sinneloos. Daarom vra mense: “Hoekom ek?” “Hoekom het ek siek geword?” of “Waarom het God my siek gemaak?”

Sommige mense vind troos in die idee dat God dit veroorsaak het. As God die kanker oor hulle gebring het, moet dit wees om iets groots daaruit te bring – 'n soort getuienis deur jou lewe en genesing. ’n Alternatiewe siening is dat kanker net deel van die lewe is. Dat siektes – soos kanker – deel is van die gebroke wêreld waarvan ons deel is. Dit is wat dit is en daar is nie noodwendig verskuilde redes daarvoor nie. Dit is baie moeiliker om plek voor te hou.

Beteken dit dat God niks deel het aan hierdie kanker reis nie?

Nee, God is met ons. In die op en af van die lewe. In die geboorte van ‘n kind en by die afsterwe van ‘n geliefde; in diagnoses, en tydens chemo- en bestralingsbehandeling; terwyl jy tuis herstel, sukkel om positief te wees, en selfs wanneer jy swak, broos voel en wanneer jy wil tou opgooi. In jou donkerste ure en helderste dae is God by jou.

God gee nie vir mense kanker om iets moois daarvan te maak nie. Die drie-enige God is nie 'n God wat ons doelbewus laat ly om goed te lyk nie - dit is net wreed. God kan ons beslis gebruik deur die manier waarop ons as dissipels leef in ons behandeling; in die manier waarop ons getuig van ons bewustheid van God se teenwoordigheid. Dit is die getuienis in kanker.

Dissipelskap en kanker

Volg die dokter se raad: Laat jou liggaam rus. Neem jou siekverlof of onderhandel met jou werkgewer oor alternatiewe moontlikhede. Onthou dat jy goeie dae en slegte dae sal hê wanneer jy behandeling ondergaan. Dit sal jou vermoë om te werk beïnvloed. Indien moontlik, hou aan werk. Dit is goed om soggens iets te hê om voor op te staan. As jy weens jou gesondheid of werksomstandighede nie kan werk nie, oorweeg ander maniere om steeds uit die huis te kan kom.

Met dit gesê, is dit belangrik om te onthou dat ons nie ophou om dissipels te wees wanneer ons gediagnoseer word nie – dissipelskap gaan nie met siekverlof nie! Jy sal anders dink en praat oor geloof, en ook dit word 'n bewys van jou verhouding met God. Die worsteling in jou geloof, vrae oor God en stryd oor doelwit getuig ook van jou verhouding met God. Dit getuig van jou mensheid en egtheid in jou geloofsreis.

Moenie iemand anders se kanker- of geloofsreis probeer naboots nie. Wees jouself. Ontdek meer van jouself in hierdie fase van jou geloofsreis, te midde van kanker.

Kanker is nie jou identiteit nie

Jy is nou ‘n kanker pasiënt, maar jy is steeds jy. Ja, mense sal nie noodwendig meer jou siek liggaam herken nie. Ja, jy sal soos 'n vreemdeling in jou liggaam voel en die verandering in jou voorkoms, krag en vermoëns opmerk. Maar jy is steeds jy – iemand met 'n persoonlikheid, gawes, 'n storie, geliefdes, vriende.

Maar bowenal: Jy behoort aan God. Jesus het gesterf sodat ek en jy die lewe mag hê en dit in oorvloed. Dit is ook waar tydens ons kanker diagnose, behandeling en selfs sterwe.

Lewe tot eer van die Here en sterf tot eer van die Here, ongeag of dit weens kanker is of nie. ‘n Diagnose is nie noodwendig ‘n doodsvonnis nie. Dit is nie jou identiteit nie, en jy is meer as jou kanker.

Mag jy op die kanker reis meer van jouself en God se liefde vir jou ontdek.

God is met jou.

As jy of ‘n geliefde gediagnoseer is met kanker, kontak Cansa, Hospice of ander gevestigde ondersteuningsgroepe.

Cansa: https://cansa.org.za or 0800 22 66 22
Cancer Allience: https://canceralliance.co.za
Hospice: https://hpca.co.za

Heling van gemeenskappe
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
021 873 6964 info@clf.co.za www.clf.co.za